Aankondiging van jaarlikse resultate

Opsomming van die geouditeerde jaarlikse resultate van die Media24 Beherend-groep vir die jaar geëindig 31 Maart 2015

MEDIA24 BEHEREND EIENDOMS BEPERK
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer: 2006/021408/07)
("Media24")

OORSIG
Mediamaatskappye wêreldwyd is in 'n oorgangsfase. Soos ons internasionale eweknieë, het Media24 se drukmedia-bedrywighede weer die bedryfswinde van voor gekry, te midde van die versnelde oorgang van aflyn na aanlyn asook trae ekonomiese toestande. Dalings in ons tradisionele inkomstebronne, tesame met verhoogde investering in digitale media, e-handel en aanlyn-werwingsadvertensies, het vanjaar se handelsprestasie gekortwiek. Ons gaan voort om in ons drukmedia-afdelings doeltreffendhede te ontsluit en koste te besnoei, en het uitstekende groei in die getal gebruikers op ons digitale en mobiele platforms behaal. Omset is marginaal hoër op R8,3mjd, maar handelswins is 52% laer as die vorige jaar, op R247m.

BEDRYFSOORSIG
Ons drukkery-onderneming, Paarl Media Group, is as **Novus Holdings** Beperk ("Novus Holdings") op die JSE Beperk se aandelebeurs genoteer om groei te ontsluit en sy diversifiseringstrategie te ondersteun. Die groep het produktiwiteit en doeltreffendheid in sy kernbedrywighede verhoog en terselfdertyd na nuwe marksegmente uitgebrei, waaronder sneespapiervervaardiging en gespesialiseerde etiket-drukwerk vir vervaardigers van vinnig bewegende verbruikersgoedere. Die groep het ook sy voetspoor op die res van die vasteland uitgebrei.

Die **Nuus**-afdeling het in ooreenstemming met internasionale tendense groot tekorte in advertensie- en sirkulasie-omset aangeteken, maar die advertensie- en sirkulasiemarkleier gebly. Ons titels vir die ontluikende mark het goeie resultate behaal – Daily Sun, Afrika se grootste dagblad, het 'n goeie wins gelewer, terwyl Son ook goed gevaar het. City Press, die nuusbepalende Sondagkoerant in Suid-Afrika, het vir 'n stewige bydrae tot die afdeling se wins gesorg. Die Afrikaanse digitale betaal-nuusbestemming, Netwerk24, is gunstig deur gebruikers ontvang en het in sy eerste jaar goeie intekenaargroei getoon.

Leefstyl (voorheen Tydskrifte) het goed gevaar danksy tydige ingrypings om koste te besnoei en nuwe inkomste-geleenthede te ontgin wat sterk aan die afdeling se kragtige handelsmerke gekoppel is. Die weekblaaie – Huisgenoot, YOU, DRUM en Landbouweekblad – en ons kontrakuitgewersafdeling was die uitblinkers in die stal. Ons het ons voorste drukmedia- en digitale sirkulasie-markaandeel onder die top-uitgewers in die bedryf verbeter en sterk groei in ons gehore op digitale en sosiale media ervaar.

Trae handelsverkope, verlaagde skoolboekbestellings in Suid-Afrika en Botswana, en die impak van langdurige posstakings het ons **Boeke**-afdeling geknou. Ons opvoedkundige uitgewer Via Afrika het die plaaslike regte vir TABTOR, 'n Amerikaans-ontwikkelde wiskunde-hulpprogram vir tablette, bekom. Jonathan Ball Publishers het die verspreidings-regte vir nog 'n internasionale uitgewer, Harlequin, vir Suid-Afrika verkry.

On the Dot het sy e-handelpakhuisruimte en selfdedag-afleweringsnetwerk in Kaapstad en Johannesburg uitgebrei en kontrakte met nog kleinhandelaars gesluit. Hy is nou die markleier in e-vervullingsdienste op die gebied van klerasie en huisware. Die medialogistiek-eenheid het steeds op koste- en netwerkdoeltreffendheid gefokus om krimpende drukmediavolumes teen te werk.

24.com het die gemiddelde getal daaglikse bladlese oor sy mediakanale heen die afgelope jaar amper verdubbel, hoofsaaklik danksy groei in mobiele toegang. Ons het News24 se bedrywighede in Nigerië uitgebrei en verwag dat hierdie streek ons plaaslike gebruikerbasis in die nabye toekoms sal verbysteek. Careers24, ons aanlynwerwingsonderneming, is sedert vroeg in 2015 die markleier in Suid-Afrika gemeet aan daaglikse unieke gebruikers en bladlese.

INET BFA, wat finansiëledata-dienste lewer, het sy navorsings- en verhandelingsprodukte – INET Expert en IGraph – opgegradeer en verryk, en sy werksaamhede na Nigerië uitgebrei.

In die **E-handelsafdeling** het ons aanlyn-modeonderneming, Spree, uitstekende groei in verkope getoon. Ons het ook produkkategorieë uitgebrei om onder meer mansklere in te sluit, 'n eksklusiewe ooreenkoms met 'n toonaangewende internasionale modekleinhandelaar gesluit, en ons eerste private handelsmerke bekend gestel.

DIREKSIE
Op 31 Maart 2015 het mnr Neil van Heerden uitgetree as 'n direkteur van Media24 en Media24 Eiendoms Beperk. Mnr Lourens Jonker sal ook as direkteur van genoemde maatskappye uittree op 30 Junie 2015. Die direksie bedank hierdie direkteure graag vir hul uitnemende toewyding en bydrae tot Media24. Mnre Koos Bekker en Trevor Petersen is as nie-uitvoerende direkteure met ingang van onderskeidelik 1 April 2015 en 1 Julie 2015 aangestel. Kort biografiese besonderhede van alle direkteure kan op die Media24-webwerf gekry word.

FINANSIËLE OORSIG
Die groep se **gekonsolideerde omset** vir die jaar het met 1% tot R8,3mjd gestyg. Inkomste uit drukwerk was 12% hoër as gevolg van addisionele derdepartykontrakte wat deur Novus Holdings verkry is. Die groep se fokus om sy inkomstebasis te diversifiseer het verdere stukrag gekry – e-handelsbedrywighede (+219%), finansiëledata-intekenings (+154%) en inkomste uit Novus Holdings se beleggings in sneespapieraanlegte het die meeste bygedra tot die jaar-tot-jaar-groei in inkomste uit ander bronne as drukmedia. Advertensie-inkomste het met 9% gedaal, deels weens 'n verskuiwing weg van drukmedia en deels as gevolg van 'n pap ekonomie. Sirkulasie-inkomste uit drukmedia was onveranderd, terwyl sirkulasie-inkomste uit digitaal en digitale intekenings met onderskeidelik 132% en 70% toegeneem het.

Inkomste uit boekuitgewery het met 24% gekrimp weens laer skoolboekverkope in Suid-Afrika ná die finalisering van die implementeringsiklus van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings in 2013 en 'n verbod wat op bestellings geplaas is deur die regering van Botswana.

Die Leefstyl-afdeling het goed gepresteer en met handelsmerkuitbreidings sy handelsvertoning versterk. INET BFA het ook 'n stewige prestasie gelewer, danksy voordele voortspruitend uit die samesmelting met I-Net Bridge. Kostebesnoeiings in ons tradisionele ondernemings het 'n sleutelfokuspunt regdeur die groep gebly, maar die beduidende beleggings wat ons aangaan om na nuwe groeigebiede te diversifiseer, het 'n gepaardgaande kort- tot mediumtermyn-impak op winsgewendheid. **Gekonsolideerde handelswins** vir die jaar het met 52% tot R247m gedaal.

Die groep se **vrye kontantvloei** is R76m hoër as die vorige jaar. Dit is grootliks toe te skryf aan 'n invloei van bedryfskapitaal en laer kapitaalbesteding sowel as laer belasting wat betaal is, wat gedeeltelik teengewerk is deur laer beleggingsinkomste.

DIVIDEND
Die direksie beveel aan dat 'n gewone dividend van R144,8m (2014: R144,8m) verklaar en aan aandeelhouers betaal word. Die direksie beveel ook aan dat 'n eenmalige spesiale dividend van R100m (2014: Rnul) aan aandeelhouers betaal word. Die verklaring van die dividende is onderhewig aan goedkeuring deur die aandeelhouers by die algemene jaarvergadering op 31 Augustus 2015.

WELKOM YIZANI
Welkom Yizani, Media24 se breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtigingsmaatskappy wat in 2006 bekend gestel is, het sy aandele op 9 Desember 2013 begin verhandel. Dit het die skema se geslote tydperk van sewe jaar beëindig en bestaande aandeelhouers in staat gestel om hul aandele te begin verhandel. Nuwe kwalifiserende aandeelhouers kan ook nou aandele in Welkom Yizani koop. Op 31 Maart 2015 het Welkom Yizani 94 310 aandeelhouers gehad.

Welkom Yizani se algemene jaarvergadering word op 31 Augustus 2015 gehou. Die direksie van Welkom Yizani beveel aan dat 'n dividend van R4,3m (2014: R4,3m) aan gewone aandeelhouers verklaar word. Dit beteken 'n dividend van 29,4 sent per gewone aandeel (2014: 29,4 sent per gewone aandeel) voor dividendbelasting. Ooreenkomstig die voorkeuraandeel-ooreenkoms word 'n dividend van 46,6 sent per voorkeuraandeel (2014: 46,6 sent per voorkeur-aandeel), voor dividendbelasting, aanbeveel. Ná die aftrekking van dividendbelasting sal Welkom Yizani se gewone aandeelhouers 'n netto dividend van 25 sent per gewone aandeel (2014: 25 sent per gewone aandeel) ontvang. Die verklaring van die dividende is onderhewig aan goedkeuring deur die aandeelhouers by die algemene jaarvergadering op 31 Augustus 2015.

Welkom Yizani sal ook 'n eenmalige spesiale dividend van R15m (2014: Rnul) ontvang en sal op sy beurt, onderworpe aan goedkeuring deur aandeelhouers by die algemene jaarvergadering op 31 Augustus 2015, 'n spesiale voorkeurdividend van R12m (2014: Rnul) verklaar en 'n spesiale gewone dividend van R3m (2014: Rnul). Dividendbelasting sal 3 sent per Welkom Yizani- gewone aandeel bedra. Gevolglik sal Welkom Yizani- gewone aandeelhouers 'n netto spesiale dividend van 18 sent per gewone aandeel (2014: Rnul) ontvang.

Gedurende die afgelope jaar het die Registrateur van Sekuriteite ("die Registrateur") aangedui dat alle tradisionele toonbank-verhandelingsplatforms soos Welkom Yizani hul sake in ooreenstemming moet bring met die vereistes van die Wet op die Beheer van Finansiële Markte, 2012. Welkom Yizani het proaktief hieroor met die Registrateur in gesprek getree en sal voortbou op sy positiewe skakeling met die Registrateur tot dusver. Welkom Yizani bly verbind tot voldoening aan enige aanwysings en/of voorwaardes wat deur die Registrateur uitgereik word.

AANBIEDINGSGRONDSLAG
Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state is opgestel uit die volledige stel geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2015. Laasgenoemde is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en die Internasionale Finansiële Verslagdoenings- en Interpretasiekomitee (IFRIC) se interpretasies wat uitgereik en van krag was, of uitgereik en vroeg aanvaar is, en op die wyse wat deur die Suid-Afrikaanse Maatskappywet Nr 71 van 2008 vereis word. Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state moet saamgelees word met die volledige stel geouditeerde gekonsolideerde finansiële jaarstate. Die rekeningkundige beleid is konsekwent toegepas op al die jare wat weergegee word, tensy anders vermeld.

Kernwesensverdienste sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit 'n nuttige maatstaf van die groep se volhoubare bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrewe term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye in hul verslae gebruik word nie.

Die finansiële resultate is opgestel onder toesig van mnr Manie Mayman, Media24-direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie.

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR
Hierdie aankondiging van jaarlikse resultate is geoudit deur PricewaterhouseCoopers Geïnk., geregistreerde ouditeur. Hul ongekwalifiseerde ouditmening is op aanvraag gedurende gewone kantoorure by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar (kontakpersoon: mnr Manie Mayman) en op die maatskappy se webwerf. Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie in hierdie aankondiging is nie deur PricewaterhouseCoopers Geïnk. nagegaan nie en hulle het nie daaroor verslag gedoen nie.

Namens die direksie

Rachel Jafta
Voorsitter

Esmaré Weideman
Uitvoerende hoof

Kaapstad
29 Junie 2015

Direkteure
R C C Jafta (voorsitter), E Weideman, G M Landman, S S de Swardt, D Meyer, L N Jonker, H S S Willemse, J C Held, S J Z Pacak, A Mayman, J P Bekker

Groepmaatskappysekretaris
L J Klink

Geregistreerde kantoor
Heerengracht 40, Kaapstad 8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)

Oordragsekretaris
Equity Express, 'n afdeling van Singular Systems Eiendoms Beperk
Corlettrylaan 71, Birnam 2196
(Posbus 1266, Bramley 2018)

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN WINS OF VERLIES

	Jaar geëindig 31 Maart 2015 Geouditeer R'm	2014 Geouditeer R'm
Omset	**8 250**	8 171
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop	**(5 739)**	(5 488)
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes	**(2 273)**	(2 175)
Ander (verliese)/winste	**(115)**	85
Bedryfswins	**123**	593
Rente ontvang	**20**	16
Rente betaal	**(113)**	(81)
Ander finansieringskoste	**(48)**	(25)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van geassosieerde maatskappye	**(2)**	(2)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van gesamentlike ondernemings	**29**	28
Wins met verkrygings en verkope	**–**	78
Wins voor belasting	**9**	607
Belasting	**(128)**	(241)
(Verlies)/Wins vir die tydperk	**(119)**	366
Toeskryfbaar aan:		
Aandeelhouers van die groep	**(163)**	288
Nie-beherende belang	**44**	78
	(119)	366
Kernwesens(verlies)/verdienste vir die jaar	**(50)**	142
Kernwesens(verlies)/verdienste vir die jaar	**(73)**	255

REKONSILIASIE VAN BEDRYFSWINS MET HANDELSWINS

	Jaar geëindig 31 Maart 2015 Geouditeer R'm	2014 Geouditeer R'm
Bedryfswins	**123**	593
Amortisasie van ontasbare bates	**9**	11
Ander verliese/(winste)	**115**	(85)
Handelswins	**247**	519

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE EN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Jaar geëindig 31 Maart 2015 Geouditeer R'm	2014 Geouditeer R'm
Saldo aan die begin van die tydperk	**2 335**	2 123
Wins vir die tydperk	**(163)**	288
Totale ander omvattende inkomste, ná belasting, vir die tydperk	**(27)**	4
Kontantvloeiskanse	**(6)**	–
Aktuariële hermetingsreserwe	**(24)**	1
Beweging in ander reserwes	**1**	3
Belasting op ander omvattende inkomste	**2**	–
Veranderings in ander reserwes	**326**	(135)
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**8**	2
Beweging in bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**463**	5
Dividende aan aandeelhouers betaal	**(145)**	(142)
Veranderings in nie-beherende belang	**953**	55
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**44**	78
Dividende aan nie-beherende belanghebbendes betaal	**(28)**	(23)
Beweging in nie-beherende belang in reserwes	**937**	–
Saldo aan einde van tydperk	**3 424**	2 335
Bestaande uit:		
Aandelekapitaal en -premie	**4 867**	4 867
Behoue verdienste	**(224)**	88
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**70**	63
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(3 580)**	(4 048)
Kapitaalbydrae	**1 077**	1 077
Verskansingsreserwe	**(5)**	(1)
Aktuariële hermetingsreserwe	**(23)**	1
Buitelandse valuta-omrekeningsreserwe	**20**	18
Nie-beherende belang	**1 222**	270
Totaal	**3 424**	2 335

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Jaar geëindig 31 Maart 2015 Geouditeer R'm	2014 Geouditeer R'm
BATES		
Nie-bedryfsbates	**3 435**	3 378
Bedryfsbates	**2 669**	2 494
Totale bates	**6 104**	5 872
EKWITEIT EN LASTE		
Kapitaal en reserwes	**3 424**	2 335
Nie-bedryfslaste	**608**	591
Bedryfslaste	**2 072**	2 946
Totale ekwiteit en verpligtinge	**6 104**	5 872

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	Jaar geëindig 31 Maart 2015 Geouditeer R'm	2014 Geouditeer R'm
Kontantvloei gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	**435**	436
Kontantvloei aangewend in beleggingsaktiwiteite	**(477)**	(558)
Kontantvloei gegenereer uit/(aangewend in) finansieringsaktiwiteite	**968**	(171)
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	**926**	(292)
Valuta-omrekeningseffek	**–**	1
Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk	**(435)**	(144)
Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk	**491**	(435)

BEREKENING VAN WESENS- EN KERNWESENSVERDIENSTE

	Jaar geëindig 31 Maart 2015 Geouditeer R'm	2014 Geouditeer R'm
Netto (verlies)/wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	**(163)**	299
Aangesuiwer vir:		
– Waardedaling van klandisiewaarde/ander bates	**124**	41
– (Wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg, toerusting en ontasbare bates	**(5)**	15
– Verlies/(wins) met verkoop van beleggings	**1**	(82)
Totale belastingeffek van aansuiwerings	**(23)**	(5)
Totale aansuiwering vir nie-beherende belang	**(7)**	(2)
Wesensverdienste	**(73)**	255
Aangesuiwer vir:		
– Besigheidsamevoeging-verwante koste	**–**	4
– Amortisasie van ontasbare bates	**9**	10
– Valutaverliese/(-winste)	**17**	14
– Billikewaarde-aansuiwering op verkoopaanspreeklikheid	**(3)**	(142)
– Kernverdienste-aansuiwerings van gesamentlike ondernemings	**–**	1
Kernwesensverdienste	**(50)**	142

pwc

Verslag van die onafhanklike ouditeur oor die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële jaarstate

AAN DIE LEDE VAN MEDIA24 BEHEREND EIENDOMS BEPERK

Die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state, wat bestaan uit die opgesomde verkorte gekonsolideerde en enkel staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2015, en die opgesomde gekonsolideerde en enkel state van omvattende inkomste en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, soos uiteengesit hier, is opgestel uit die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state van Media24 Beherend Eiendoms Beperk vir die jaar geëindig 31 Maart 2015. Ons het 'n ongekwalifiseerde ouditmening uitgespreek oor die gekonsolideerde en enkel finansiële state in ons verslag van 19 Junie 2015. Ons ouditverslag oor die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state bevat 'n paragraaf "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" (sien hieronder).

Die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state bevat nie alle openbaarmakings wat deur die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet met betrekking tot finansiële jaarstate vereis word nie. Die lees van die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state kan dus nie as 'n vervanging van die lees van die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state van Media24 Beherend Eiendoms Beperk beskou word nie.

Direkteure se verantwoordelikheid vir die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel van 'n opsomming van die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state ooreenkomstig die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet soos van toepassing op opgesomde finansiële state, en vir sodanige interne beheer wat die direkteure nodig ag vir die opstel van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

Ouditeur se verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om 'n mening oor die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state uit te spreek op grond van ons prosedures, wat ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaard ISA 810 "Aanstellings om oor Opgesomde Finansiële State verslag te doen", uitgevoer is.

Mening

Na ons mening is die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state in alle wesenlike opsigte in ooreenstemming met die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state van Media24 Beherend Eiendoms Beperk vir die jaar geëindig 31 Maart 2015, waaruit dit opgestel is, ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

Die paragraaf "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" in ons ouditverslag van 19 Junie 2015 verklaar dat ons, as deel van ons oudit van die gekonsolideerde en enkel finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2015, die direkteursverslag en die ouditkomitee se verslag gelees het om te bepaal of daar wesenlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state bestaan. Hierdie verslae is die verantwoordelikheid van die betrokke opstellers. Die paragraaf "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" verklaar dat ons, op grond van die lees van hierdie verslae, nie wesenlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state geïdentifiseer het nie. Die paragraaf verklaar verder dat ons nie hierdie verslae geoudit het nie, en dus nie 'n mening oor hierdie verslae uitspreek nie. Die paragraaf "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" het nie 'n uitwerking op die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state of ons mening daaroor nie.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: H Zeelie
Geregistreerde ouditeur
Kaapstad, Suid-Afrika
19 Junie 2015